Christine Barkhuizen le Roux

# As hy weer kom

"Waarna luister jy?"

Ek kyk na die vrou voor my se agterkop. Vosserige hare wat uitsprei oor haar skouers. 'n Outydse rooi soos die van skoolmeisies uit my hoërskooljare. Die son deur die tralies maak 'n gloed om haar kop.

Sy hoor nie. Hoekom tog ook? Die hoeveelste maatskaplike werker, predikant, berader, advokaat.

Niks van die opgeleerde teologiese boekekennis, patorale bedieningswyses, soveel uitgewerkte preke, of eie vrou en kinders het my hiervoor opgelei nie. Moordenaar, *-res.* Dis erger as dit 'n vrou is. My eerste moordenares. Toevoeging op my CV.

Die geluid van die swaar sleutel van die bewaarder sing nog teen die staal. Die voetstappe raak dof. Langsaan praat vroue vieslike goed. Met baie vloeke tussenin.

Die sel ruik na yster, klink na tronk. Al is daar 'n geel dekentjie op die bed, 'n sagte matjie op die vloer. Die onderdele bly dieselfde. Wat kan ek sê vir 'n vrou wat haar man koelbloedig doodgeskiet het? "Christus het jou lief – as jy berou toon?"

Die lêer wat ek deurgewerk het, gee die feite. Vyf-en-dertigjarige vrou. Vyftien jaar getroud. Geen kinders. Huisvrou. Geen selfstandige inkomste. Kwalifikasies: matriek – gemiddelde B. Werk vir twee jaar as bankkassiere. Trou met 'n klerk wat by die landboukoöperasie werk en rugby speel. Bedank haar werk. Voltyds by die huis.

Hý sal ry tusssen die silo's en die Koöp. Onnodig dat sy geld uitgee vir mooi aantrek vir die bankbestuurder en ander mans se oë. Fanie kan self vir sy trouvrou sorg.

Sy glip weg voor my oë. Wat weet 'n berader van die steenhuisie naby die graansilo's, die dorp vyftien kilometer weg. Op die klipwerf groei niks nie. Een doringboom. Net soms kom die trein om die stilte te breek. 'n Outydse stoomtrein vyfuur in die middag, met ontploffende stoom soos 'n ruiker in die lug. Twee stukkies blink van son op die waens in 'n week van stilte en droogte en niks. Fanie kom nie huis toe voor half elf in die aand nie. Rugby-oefening, en op die ander aande rugby-praat en bier.

Dan is die kos wat sy gekook het sonder smaak en uitgedroog. Dikwels smyt hy dit in die wasbak. Soms op die vloer. Sy sorg dat daar altyd eiers is. Die kan sy altyd gou gaarmaak. En vars brood. As hy onthou het om te bring. Anders as Saterdae kom sy nie op die dorp nie.

"Wat hóór jy?"

Sy staan steeds by die venster en uitkyk. Bo-op die stoel, op die punt van haar tone. Gou sal die son se lig oortrek, en die klein strepie lig ook weg wees.



13 Kreatief 03.pmd 182 1/31/2006, 12:37 PM

Stadig draai sy om. Haar gesig lyk soos dié van Sissy Spacek – effense sproetjies oraloor, en besonders vanweë die kleurloosheid en onopgesmuktheid. Sy gaan op die bed sit; trek haar knieë onder haar in, soos 'n dogtertjie.

"Kyk," sê ek moedeloos. "Ek moet hier wees. Ek is nuut aangestel as die pastorale bediener, en ek het nou eenmaal hierdie afspraak met jou. Wil jy nie maar met my praat nie? Dalk help dit tog?"

Sy staan op, loop na die staalkassie in die hoek en haal 'n album uit en hou dit woordeloos voor my. Gaan sit weer met haar rug teen die muur.

Die omslag het 'n klompie tieners uit die sestiger-sewentigerjare op. Amper hippie-agtig. Ek sou haar nogal kon vereenselwig met so 'n klomp – as sy sou losbreek. 'n Meisie met lintjies en blomme tussen haar tone, verwyderd van die werklikheid.

Maar die foto's maak 'n ander prentjie. Ordentlikheid tot in die veseltjie. Ma, Pa, kinders in Sondagsklere, gesin in die motor op pad met vakansie, Sissy se matriek-afskeid – kuise rokkie, selfgemaak deur moeder, raai ek. Sissy se huis. Die steenhuisie vlak langs die spoorlyn. Familie om die feestafel, susters (lyk dit my), broers, skoonfamilie, ma en pa in netjiese klere uitgedos. Sissy voor die stoof, glimlaggend, blink oë. Een van die heel min foto's wat iets van geluk uitstraal. 'n Eerste Kersfees by Ousus se huis? Die geleentheid om te bewys "ek is gelukkig" tussen die ander foto's met Fanie rooi-en-oor-die-rand-heen gedrink? In die agtergrond die karige maar netjies meubels, bierkiste.

"Hoekom dan?" Ek gaan op die punt van die bed sit, en sy stryk die kreukeltjie wat ontstaan werktuiglik met haar regterhand weg uit die deken. Haar asemhaling is lig, onbeweeglik en onsigbaar. Agter haar ligblou oë speel 'n film wat ek nie kan sien nie. "Asseblief? Ek weet dat dit niks verander aan dit wat hier en nou is nie, maar dalk help dit tog om te kan praat?"

"Die blomme – hy't die blomme gebreek." Haar stem is so sag en so sonder emosie dat ek sukkel om te hoor. Nie seker is of ek rég gehoor het nie. Moord? Om blomme?

Sy staan weer op en klim op die stoel. Nou is haar stem nog sagter, want sy praat na die buitekant toe uit. Maar ek hoor. En sien. Ek sien haar in haar ingeplooide uitgewaste rok die wasgoed van die draad afhaal. Ruik die son en die lou van die lug in die bondel wat sy teen haar gesig vasdruk. Ek voel die klipperigheid onder haar voete, sien die weerloosheid van die skraal wit tone teen die rooigrond.

Die trein kom nader, van ver af voel ek die trilling van die grond en die ysterstawe, hoor die fluit.

Toe die trein regoor die werf kom, kyk sy oor die bondel wit lakens op. Die masjinis lig sy hand en wuif. Sy druk haar warm gesig in die wasgoed sonder om terug te waai, hardloop by die sifdeur in. Sy sit die ketel aan, gooi kookwater op die teesakkie wat sy gebêre het van voormiddag af, kry die stryktafel en -yster reg. Sy klim op die lakens en vlieg, hoog bo die trein, op reis saam met die trein . . .

Die vierde keer weet sy seker. Elke Maandag en Donderdag. Vyfuur. Dit word al



13 Kreatief 03.pmd 183 1/31/2006, 12:37 PM

herfs, maar sy los die wasgoed tot laat op die draad, al klam dit effens aan. Sy stryk dit maklik droog as die trein verby is.

Sy wág vir die fluit. Opgewonde. Haar hart ruk in haar bors. Soos vroeër toe Fanie haar by die huis kom haal het vir 'n fliek. Soos wanneer hy haar teen hom vasgegryp het, en sy met moeite sy hande moes keer.

Die fluit klink anders as vroeër, meer uitbundig, harder, jubelend. Vol drang en begeerte. Toe dit kom, hardloop sy met die nuwe rok van die materiaal wat haar jongste suster laas vir Kersfees gegee het, van die rooi agterstoepie tot by die draad. Sy begin die pennetjies van die klere aftrek, haar vingers bewerig. Toe kom die trein om die hoek, fluit wéér. Dringend. Die stoom dring in die blou verbleikte lug in.

Hy leun ver by die venster uit, wuif met oorgawe voor die trein om die draai wegslink, die trokke se eggo's stampend op die spore. Stadig lig sy haar hand,die onderkant van haar bo-arm wit en sag teen die liggroen mou.

Sy draai effentjies skuins vanwaar sy op die stoel staan. Haar hare val oor die kant van haar gesig. "Die laaste keer het hy van ver af die stoomfluit oopgetrek. Drie keer, voordat die trein by die huis verbykom."

Sy staan by die wasgoedraad, die kant heel naaste aan die spoor. Asof sy weet. Toe hy haar sien, lig sy hand om die hefboom weer te trek. Die fluit is anders, sagter as ooit tevore. 'n Streling oor haar digte hare.

Toe sien sy die bos heide wat hy deur die venster na haar toe werp. Sy vang mis. Op die kale, onherbergsame stuk grond lê die bos. Pienkrooi. Gebind met 'n groen raffia-tou.

Hy is al amper om die draai toe sy weer opkyk van die grond, die blomme in haar hande. Net 'n heel klein stukkie van sy arm en hand nog sigbaar teen die agtergrond.

Ek hoor hoe die hekke langsaan oopgesluit word, die vrouens hard en skel begin te praat, wonder oor die spyskaart en die oneetbaarheid van die kos. 'n Halfuur se buitelug in die vierkant voor 'n vroeë aandete. In die sel het die son nou weggetrek. Die gloed wat teen haar hare geskyn het, is weg. Maar sy bly op die stoel staan. Praat nie weer nie.

Die inmaakfles met die heide lê versplinter; die fyn-fyn kelkies kleur verslinger en platgetrap oor die vloer. Sy vee die stukke glas in die skoppie. Tel die oorblyfsels blomme en takkies op en sit dit op die wasbak neer. Die man wat oor die tafel hang, se kop het aan die slaap geraak, sy arms weerskante uitgesprei, tam gedrink. 'n Halwe bottel bier loop stadig uit, en skuim af oor die tafelrand.

Hy hoor haar nie as sy naderkom nie. Ook nie die klik nie. Nóg die skoot. 'n Nuwe bos blomme vorm oor die vloer. Ook rooi. Eenkleurig helder en blink.

'n Blou uniform staan voor die deur. "Jy moet afklim daar. Dis teen die reëls, jy weet dit. Kom, besoektyd is verstreke. Dis etenstyd. Jy's klaar laat. Wat staan jy ook heeldag voor die tralies – jy sal die buitekant nie gou sien nie!"

Ek skuif tussen haar en die bewaarderes in, probeer in haar oë kyk, maar sy sien



13 Kreatief 03.pmd 184 1/31/2006, 12:37 PM

my nie raak nie. Haar oë lyk soos wolke, wasig en onbereikbaar. Haar lippe beweeg, maar sy praat nie met my nie. "As hy weer kom … "

Sy loop 'n ander rigting met die bewaarderes in, teenoorgestelde kant van die buitehek waar ek uitgelaat moet word deur die sipier. Toe die hek agter my toeslaan, kyk ek terug. Ek sien haar nog; sy't stil gaan staan. Tussen die tralies gevang in die enigste oomblik van haar tyd.

Ek lig my linkerarm op. Die kort wyster staan op die vyf.

'n Siddering trek deur my. Ek hoor dit, die Here hoor my. Dit dríng deur my – die weeklaag van 'n trein se fluit.



13 Kreatief 03.pmd 185 1/31/2006, 12:37 PM